Ontmoeting 33

DAWID EN GOLIAT

GOD IS ALTYD BY JOU

Teks: 1 Samuel 17

Jesaja 41:10

"Moenie bang wees nie, Ek is by jou; moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God.

Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou!"

Hulpmiddels:

- Teikens van Goliat op A3-grootte karton gekopieer
- 2 Katapults en pompoms of pingpong-balletjies
- Maskers vir die volgende karakters:
  - Dawid se pa
  - Dawid
  - Goliat
  - Saul
- Kopieë van "Verbind die kolletjies"
- Kopieë van die Goliat-uitsny-storie
- Kopieë van "Die herder en koning"-storie

WELKOM

Maak vooraf 2 A3-grootte teikens van Goliat en plak dit teen die muur op. Maak 2 katapults en sorg vir 5 pompoms / pingpong balletjies per groep. Oefen vooraf om te sien wat 'n realistiese afstand vir die katapults is om vanaf die teikens te staan. Verdeel die groep in 2 spanne en kry 5 soldate uit elke span om Goliat met 1 van die katapult balle te skiet. Die persoon wat die naaste aan die "bulls-eye" skiet, se span wen.

WYDING

Temalied: My God is so big and so strong and so mighty – Go Fish (*https://www.youtube.com/watch?v=mlocukBCPu0*)

Kyk na die bewegings op *https://www.youtube.com/watch?v=LBtmu-iZlSs*

F 84: My God is so groot

Sing ook "Dawid en Goliat" van Jan de Wet

Stilword-ritueel uit Psalm 23:

Laat die kinders kruisbeen sit en hulle oë toemaak. Herhaal 3 keer. "*Die Here is by ons.*" Sê nou hardop: "*Omdat die Here my Herder is, is ek nie bang nie. Hy lei my deur die donker tye en Hy versorg my.*"

WOORD

Raai, raai wat is ek:

* Almal van ons het een maar niemand s'n is dieselfde nie. (Gee kans vir een of twee raaiskote.)

* Ek verander gedurig. (Gee weer kans vir een of twee raaiskote.)

* Soms is ek lank en soms is ek kort. (Raai)

* Dit maak nie saak wat jy doen nie, jy kan nie van my ontslae raak of my weggee nie, al is daar tye wat jy my nie sien nie.

Antwoord: Jou skaduwee.

Vandag gaan ons luister na die verhaal van Dawid wat geglo het dat God altyd by hom is (soos sy skaduwee) al kan hy nie vir God sien nie. Onthou julle in die vorige storie waarna ons verlede keer geluister het, is Dawid gesalf as koning. Wat beteken dit nou weer? Dit was 'n teken dat hy baie spesiaal was vir God en dat hy vir God moes dien. In Handelinge 13:22 staan: "Ek het in Dawid, seun van Isai 'n man na

my hart gevind, Hy sal al my opdragte uitvoer."

Dawid was baie spesiaal vir God. Nadat Dawid gesalf is as koning, het hy steeds aangegaan om skape in die veld op te pas, sy tyd om as die koning van die land te regeer het nog nie gekom nie, Saul was nog koning, maar God het reeds begin om groot goed te doen, met die jong man. God was elke dag by Dawid en Dawid het dit geweet. In hierdie tyd het die Filistyne bymekaargekom om oorlog te maak teen die Israeliete.

Kry nou 'n paar kinders om vorentoe te kom om te help om die storie verder te vertel.

Karakters wat benodig word:

* Dawid
* Goliat
* Saul
* Dawid se pa

Gee vir die kinders maskers om aan te sit om elke karakter voor te stel.

Die hele groep moet deelneem aan die storie terwyl jy dit vertel.

Wanneer jy die volgende woorde in die storie gebruik, moet die kinders hardop reageer en so saam die verhaal vertel.

WOORD WAT AANBIEDER SÊ	KINDERS REAGEER
Dawid	5 wit klippies
Goliat	Groot, groot, baie groot
Saul	O grote koning
Stap	Klap hande 3x
Hardloop	Klap hande 3x vinnig

Die Filistyne het bymekaargekom om teen die Israeliete oorlog te maak. Koning Saul (O grote koning) het die Israeliete aan die een kant van die vlakte laat kamp opslaan. Die beste vegter van die Filistyne, Goliat (Groot, groot, baie groot), het na die Israeliete toe gestap (Klap hande 3x) om hulle uit te daag, maar almal was bang om teen hom te veg. Goliat (Groot, groot, baie groot) was amper 3 m lank en sy wapens was baie groot. Hy het gesê dat as die Israeliete wen, sal die Filistyne hul slawe wees, maar as die Filistyne wen, moet die Israeliete die Filistyne se slawe wees. Saul (O grote koning) en sy hele volk was baie bang.

Dawid (5 wit klippies) se pa het hom gestuur om na sy broers te gaan om vir hulle kos te vat. Dawid was gehoorsaam en het na sy broers gestap (Klap hande 3x). Toe hy daar kom, was Goliat (Groot, groot, baie groot) weer besig om die Israeliete te spot. Dawid (5 wit klippies) kon nie glo dat hierdie ongelowige reus so spot met God se mense nie. Dawid (5 wit klippies) stap (Klap hande 3x) toe na Saul (O grote koning) en sê vir hom hy sal teen Goliat (Groot, groot, baie groot) veg. Saul (O grote koning) was geskok en het gesê: "Nee! Jy kan nie teen hom veg nie, hy sal jou doodmaak!"

Dawid (5 wit klippies) het hom toe vertel van die beer en leeu wat hy al doodgemaak het met God se hulp terwyl hy skape opgepas het en hy sal Goliat (Groot, groot, baie groot) ook kan wen met God se hulp.

Dawid (5 wit klippies) het eers probeer om Saul (O grote Koning) se wapenrusting aan te trek, maar dit was so swaar, hy kon nie eers daarin stap (Klap hande 3x) nie. Hy het besluit om eerder daarsonder te veg teen Goliat (Groot, groot, baie groot).

Dawid hardloop (Klap 3x vinnig) toe na die stroompie toe en tel 5 wit klippies op. Hy hardloop (Klap 3x vinnig) met die 5 klippies in sy sak en sy slingervel na Goliat (Groot, groot, baie groot) toe.

Goliat (Groot, groot, baie groot) het gelag toe hy Dawid (5 wit klippies) voor hom sien staan. Hy het gedink hy gaan hom maklik wen en doodmaak. Maar Dawid (5 wit klippies) sê vir Goliat (Groot, groot, baie groot): "Jy kom met 'n swaard en 'n spies, maar ek kom na jou toe in die naam van die Here – Hy sal my help om jou te wen!"

Goliat (Groot, groot, baie groot) hardloop (Klap 3x vinning) op Dawid (5 wit klippies) af en Dawid (5 wit klippies) sit een van die klippies in sy slingervel, swaai dit om en om en daar trek die klippie en tref Goliat (Groot, groot, baie groot) hard teen die voorkop. Goliat (Groot, groot, baie groot) val vooroor, morsdood! Dawid (5 wit klippies) stap (Klap hande 3x) na die reus toe, neem sy swaard en kap Goliat (Groot groot, nou morsdood) se kop af.

Dawid het gewen! Toe die Filistyne dit sien, het hul almal weggehardloop (Klap hande 3x vinnig).

So het God die Israeliete laat wen deur Dawid te gebruik. Die Here was by Dawid!

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe laat die storie jou voel.
2. Ek wonder of daar goed in jou lewe is wat dalk so groot soos Goliat voel waarvoor jy bang is.
3. Ek wonder of daar enigiets te groot of te moeilik vir God is.

WERSKAF

- Kinders maak klein Goliat teikens en katapults.
- Verbind die kolletjies met mekaar.
- Papier-uitsnystorie om huis toe te neem en vir iemand daar te gaan vertel.
- Voltooi die doolhof.
- Kinders lees die storie "Die herder en koning" en kleur dit in.
- By Didier Martin se webtuiste www.mylittlehouse.org/the-old-testament.html kan die prent van Dawid en Goliat gratis afgelaai word in kleur of swart-en-wit. Laat die kinders die prente inkleur en die 3D-prent saamstel.

Gebedstyd:

Maak toe jou oë en dan sê ons vir God dankie vir dit wat in Jesaja 41:10 staan:

"Dankie God dat U my gekies het.

Dankie dat ek nie hoef bang te wees nie.

Dankie dat ek nie bekommerd hoef te wees nie.

Dankie dat ek weet dat U belowe om altyd by my te wees.

Dankie dat U my help en vashou.

Dankie dat U my God is.

Amen.

Sluit af met die seënbede.

© Crafting The Word Of God

Isai (Dawid se pa)

Dawid

Goliat

Saul

Help Dawid om sy slingervel en klippies te kry:





Verbind die kolletjies. Wat het Dawid gebruik om die reus Goliat te oorwin?

Dawid se pa Isai het hom gestuur om vir sy broers kos te vat waar hulle oorlog gemaak het teen die Filistyne.		*Sny deel A uit en gooi dit weg.*
Op die oorlogsveld het Dawid gehoor hoe iemand skree: "Stuur iemand om teen my te veg!"		*Knip van B tot by C. Vou agtertoe op stippellyn H en weer terug op stippellyn J. Vou agtertoe op stippellyn K.*
Die Israeliete was baie bang vir hierdie soldaat van die vyande wat so geskree het.		*Knip stadig al langs die lyn by C, D E, om die kop en by F verby tot by G terwyl die storie verder vertel word.*
Niemand wou teen hom veg nie. Toe sê Dawid: "Ek sal teen hom gaan veg." Almal het vir hom gelag en gedink hy probeer snaaks wees, want hierdie soldaat wat hulle so gespot het, was 'n reus en sy naam was Goliat.		*Vou die hele papier oop.*
Dawid het geweet dat God by hom is en daarom was hy nie bang nie. Hy het 5 klippies in die rivier gaan optel en na die reus Goliat geloop. Toe Goliat hom nog wil spot, het Dawid gesê: "Jy wil teen my veg met jou swaard en jou spies. Maar ek weet dat die Here God my gaan help om jou te wen." Hy het een van die klippies in sy slingervel gesit en vir Goliat teen sy voorkop gegooi sodat hy dood neergeval het.		Buig die Goliat deel van die papier af sodat Goliat plat lê.
Net soos Dawid moet ons Jesaja 1: 10 onthou: "Moenie bang wees nie. Ek is by jou."		*Wys die teksvers wat op die prentjie gedruk is.*


A
Deel A
B
Lyn J
Vou op
F
E
D
C
Lyn H
Vou af
Jesaja 1: 10:
"Moenie bang wees nie.
Ek is by jou."
Lyn K
Vou terug
G

Storie om te Lees

Die Herder en Koning

1 Samuel 16:1-13

Lees elke kaart.
Vul die naam van elke persoon in vandag se verhaal, op die regte kaart in.

Gebruik ses van hierdie name:

Dawid	Eliab
Saul	Samuel
Isai	Daniël
Moses	Skape



Hy is Dawid se pa.
Behalwe vir Dawid het hy nog sewe seuns.
Hy het baie skape.
Hy is 'n besige man!



Hy werk vir God. Hy het gekom om God se man aan te wys as koning. Hy het gedink dit was Eliab, maar God het gesê: "Nee, Ek kyk na die persoon aan die binnekant, nie sy voorkoms nie!"

Hy pas skape op.
Hy is die jongste broer.
Hy het God lief met sy hele hart.
Vandag het Samuel olie oor sy kop gegooi.



Hy was lank en aantreklik.
Hy was koning oor Israel.
Omdat hy God ongehoorsaam was, kan hy nie meer koning wees nie.

Hy is Dawid se oudste broer.
Hy is lank en aantreklik.
Hy is NIE God se keuse om koning te word nie!

Dawid was in die veld besig om hulle op te pas, terwyl sy familie fees gevier het saam met Samuel.
Hulle hou van Dawid!

Bybel Vers om te Leer

"Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag."
Deuteronomium 6:5

Vrae om oor te gesels

Hoekom het God Dawid gekies om koning te wees?

Wat het Dawid anders gemaak as Saul?

Hoe kan kinders wys dat hulle God lief het?